



God se kinders ken die verbond as pleitgrond

Teks vir die preek:

“Aan u is ek oorgegee van die geboorte af; van die skoot van my moeder af is U my God”.

Psalm 22:11

FJ Bijzet

© by skrywer - 2011
www.christelikebiblioteek.co.za

Liturgie

1. Votum en seëngroet
2. Sing Psalm 42:6-7
3. Wetslesing
4. Sing Psalm 89:6-7
5. Gebed
6. Skriflesing: Psalm 22
7. Sing Ps 22:4
8. Teks: Psalm 22:11
9. Preek
10. Sing Psalm 71:4,5,9
11. Gebed
12. Kollekte
13. Sing Psalm 139:7-8
14. Seën

Gemeente van ons Here Jesus Christus,

'n Kerkdiens kan vir ons die gevoel gee dat ons vir 'n oomblik uitgetel word bo die dikwels beangstigende werklikheid van die wêreld waarin ons lewe en waarin ons kinders gebore word en opgroei. 'n Kerkdiens het iets van 'n eiland van rus in 'n woelige wêreld.

Môre, maar dalk vanoggend al, is ons terug in die realiteit - 'n realiteit wat ons af en toe met vrees kan vervul. Vrees vir wat vir ons voorlê. Angs oor die toekoms van ons kinders, wat nou nog so onbekommerd in hul wiegies lê of vrolik pret maak of saam baklei. Hoe sal die wêreld lyk as hulle groot is? Ja, sál hulle nog wel groot word?

Daar is mos baie spanning in hierdie wêreld. Ook in en rondom ons eie land. Misdaad, agteruitgang in die ekonomie, verlies van werkgeleenthede en die gees van die verwêreldliking word gedurigdeur sterker. Daar is baie goddeloosheid in hierdie wêreld en die gees van die normloosheid word ook in Suid-Afrika al hoe sterker.

As mens daaraan dink, en jy sien hoedat die wêreld orals in beroering is, dan kan 'n gevoel van benouende onsekerheid jou bekrui. 'n Gevoel van angstige spanning.

Dan kan ook die vertwyfelde vraag opkom: waarom laat die HERE God dit met hierdie wêreld gebeur? Waarom laat Hy dit alles oor ons en ons kinders kom? Is God nog wel hier, of het Hy sy hande van ons afgeneem?

"My God, my God, U het my tog nie verlaat nie?" So het die Psalm begin, en so vra ons self dikwels.

Maar wie hierdie vertwyfeling so nou en dan ken, broeders en susters, moet leer verstaan dat 'n kerkdiens soos vanoggend juis alles te make het met hierdie kolkende wêreld. Hierdie twee staan nie los van mekaar nie. Maar ons God het hulle juis aan mekaar verbind. Want ons ontvang van die HERE sy Woord en die waarborg van ons doop en nagmaal daarby om dit vervolgens te leer gebruik in hierdie wêreld waarin ons lewe. In hierdie wêreld sal ons die God van ons doop moet ken. As alle sekerheid rondom ons wegval, moet God se kinders hierdie een sekerheid oorhou dat hulle die water van die doop op hul voorhoof ontvang het. Daarmee het ons hemelse Vader onderstreep dat Hy met ons 'n ewige verbond van genade gesluit het, ons as sy kinders en erfgename aangeneem het en daarom ons met alle goeie dinge wil versorg en alle kwaad van ons afweer of ons ten beste wil laat dien. As God in 'n bruisende wêreld ver weg lyk, *bly* God se verbond as 'n vaste pleitgrond. Ons mag op daardie verbond by God appelleer. Daarop mag ons ons God bly aanroep. Soos Dawid dit in Psalm 22 gedoen het, die psalm waaruit ons vir vanoggend ons teks gekies het.

Die boodskap van ons teks is as volg saamgevat:

GOD SE KINDERS KEN DIE VERBOND AS PLEITGROND

- 1. Hulle erken God se verkiesing**
- 2. Hulle verwag God se verlossing.**

1. Waarom het Dawid "waarom" geroep, gemeente? Wat het gebeur dat die man na God se hart sover gekom het dat hy dit uitgeskreu het: "My God, my God, waarom het U my verlaat? Waarom verberg U Uself met u verlossing? Waarom laat U my bedags en snags roep en brul sonder om te antwoord? "

Ons weet nie wanneer, en dus: in watter omstandighede Dawid hierdie psalm gemaak het nie. Was dit die periode waarin hy voortdurend moes vlug vir koning Saul? Toe hy soos 'n opgejaagde hond van skuilplek na skuilplek geswerf het? Of was dit toe hy self koning geword het en toe hy deur sy eie seun Absalom uit sy paleis is? Toe 'n deel van die volk aan die kant van Absalom teen hom gedraai het en hy selfs met klippe en modder, saam met vloekwoorde, gegooi is? Ons weet dit eenvoudig nie. Dit word uit die psalm self nie mooi duidelik nie.

Maar dit maak nie so baie saak nie. Want die situasie waarin Dawid op die ou end sy "waarom? " hemel toe geroep het, is wel duidelik: Dawid het Gód nie meer in sy lewe kon terugvind nie. Hy het so swaar gekry, dat dit vir hom amper ondraaglik geword het. Hy het 'n speelbal vir Jan en alleman geword, 'n wurm wat mens sommer kon doodtrap. 'n Voorwerp van spot en veragting. Soos bulle en verskeurende leeus het hulle hom omsingel.

Maar dit moes wel beteken dat God nie meer met hom was nie! Waarom het die HERE dit anders met hom laat gebeur?

Dit alles het vir Dawid te veel geword. Hy het geen antwoord meer gehad vir die spotters nie. Alle feite het mos teen hom gepleit. God maak normaalweg tog nie so nie? Dawid het geweet hoe dit normaal was: "Op U het ons vaders vertrou — hulle het vertrou en U het hulle uitgered. Hulle het U aangeroop, hulle het op U vertrou en nie beskaamd gestaan nie" (vs 5, 6). Maar Dawid het tevergeefs op hulp gewag. Hy het die gevoel gekry asof sy God Hom van hom teruggetrek het.

In dié situasie het toe op die ou end daardie "waarom? " hom uit sy keel gewring: "My God, my God, waarom het U my verlaat?"

Wat was dit nou eintlik, broeders en susters, hierdie "waarom?"

Was dit 'n opstandige klag? Roep Dawid die HERE ter verantwoording? Wil hy hê dat sy God nou maar eers moet verduidelik waarom Hy Dawid so aan sy lot oorgelaat het? Vra Dawid inligting en toeligting omdat hy sy God nie meer kan volg nie? Ja, is Dawid besig om sy vertrou in die HERE prys te gee?

Nee, so moet ons hierdie Psalm nie lees nie. Die toon van hierdie "waarom?" is anders. Dawid doen nie afstand van sy vertrou in God nie, maar hy doen juis 'n klemmende beroep op sy God. Die woord kom uit die grond van sy hart. Hy wil sê: o God, dit kan so nie bly aangaan nie! U kan my tog nie in hierdie ellende laat bly nie? U *moet* nou verandering in die situasie bring, want ek hou dit nie langer uit nie.

As Dawid sy klag na die hemel opstuur, is hy nie besig om die HERE los te laat nie. Inteendeel, dan klamp hy hom juis des te sterker aan sy God vas. Hy bly op God se beloftes vertrou. Op dié beloftes spreek hy die HERE aan. God sou tog met hom wees? So was dit tog belowe? God sou sy God wees en hy die man na God se hart, God se gesalfde.

"Dawid het gedurigdeur groter geword, want die HERE van die leërskaare was met hom," lees ons in die Bybel (1 Kron. 11: 9), en dit was normaal. So sou dit wees.

En juis daardie beloftes dryf Dawid tot sy "waarom?" "My God," sê hy, en daarmee herinner hy die HERE aan die hegte band tussen hulle twee. Hierdie band staan op die spel. Daarmee word selfs al die spot gedrywe. Wat sê die spotters (v. 9): "Laat dit aan die HERE oor! Laat Hy hom red, laat Hy hom bevry: Hy het mos behae in hom!"

Dit is die feite wat Dawid aan die HERE voorlê, en u voel dat daar in Dawid se klag om verandering geroep word. Dit klop tog nie met mekaar nie: sulke mooi beloftes en dan hierdie feite! Dit kan tog nie die einde wees nie? U het dit anders belowe. U kan nie dit hierby laat nie.

In hierdie verband moet u nou ons tekswoorde gaan verstaan, gemeente. Wanneer Dawid hom so op sy God beroep en daarby die HERE herinner aan die band wat daar wel deeglik waar tussen hulle twee lê, al steek spotters ook die draak daarmee, *dan gryp Dawid terug na die begin van hierdie band.*

Die band tussen die HERE en Dawid dateer nie van vandag of gister af nie. Hierdie band is nie eers gelê toe Dawid koning geword het en die ark van die HERE Jerusalem toe gehaal het nie. Hierdie band het selfs nie eens ontstaan toe Samuel Dawid tot koning gesalf het nie.

Dawid gryp terug na sy eerste lewensbegin. "Van die skoot van my moeder af is U my God!" Dawid was nooit sonder God nie. Sonder God sou hy daar nie gewees het nie. In Psalm 139 het hy onder woorde gebring hoe die HERE vanaf die allereerste begin by sy lewe betrokke was: "Want U het my niere gevorm, my in my moeder se skoot geweef. My gebeente was vir U nie verborge toe ek in die geheim gemaak is nie, kunstig geweef in die dieptes van die aarde. U oë het my ongevormde klomp gesien; en in u boek is hulle almal opgeskrywe: dae dat alles bepaal was, toe nog geeneen van hulle daar was nie."

So ken Dawid die HERE as sy God. En daaraan herinner hy God ook hier, in ons teks. God was in die kraamkamer. God het die kind in die wêreld gehelp. Dit was Vader in die hemel wat die kind aan moeder se bors gelê het (v. 10).

Maar tegelyk het moeder die kind ook weer in Vader se arms teruggelê (v. 11), aangesien sy geweet het dat haar kind net van God se sorg kon lewe. Vanaf moeder se skoot was daar Vader se sorg. Toe alreeds was God sy God. Toe was daar mos die verbond wat God met Abraham, sy vriend, begin het en wat Hy sedertdien van kind tot kind bevestig. Dawid weet dat hy vanaf die moederskoot in daardie verbond opgeneem is. Die teken van daardie verbond dra hy aan sy besnede liggaam.

Te midde van alle ellende bly Dawid aan hierdie verbond vashou. Want hy het God se verkiesing in sy lewe gesien. Watter mens kan immers sy eie geboorte reël en sy eie ouers kies? Dit is God wat kies, na sy welbehae. God skryf vantevore die lewensboek en Hy slaan die eerste bladsy oop wanneer Hy wil. Dawid het dit erken. Maar juis daarom herinner hy die HERE aan daardie begin van sy lewe, waarin God se verkiesing sigbaar geword het. Dawid het dit nie aan homself te danke dat God sy God wou wees nie. God wou dit tog self so gehad het?

Dawid weet dat hy dit nooit werd was om God se kind te wees nie. Al vanaf die moederskoot nie. Want vanaf die moederskoot was daar nie alleen die HERE nie. Daar

was ook iets anders. Dawid het dit in Psalm 51 bely: "Kyk, in ongeregtigheid is ek gebore, in sonde het my moeder my ontvang." Die sonde was ook dadelik daar.

Dawid het vanaf die moederskoot al niks anders as God se toorn verdien nie. Maar toe het God nogtans sy hande uitgestrek met die belofte: die verbond met Abraham, my vriend, bevestig Ek ook in hierdie kind. In sy verkiesende liefde het God, wat so baie mense in sy welbehae verbygaan en in hulle sondes laat lê, Dawid gebore laat word in die volk van sy keuse. Heeltemal onverdiend was God se reddende hand dadelik by die geboorte daar. En Dawid is saamgeneem op die weg van die verbond, die weg waarop die verkiesende God sy kinders saamneem na die nuwe Jerusalem toe, terwyl Hy alle ander mense die pad hel toe laat loop.

Dawid het die reddende hand van die verkiesende God aan die begin van sy lewe gesien. Maar sou hierdie hand van die HERE dan nou uit sy lewe weg wees? Dit kan tog nie so wees nie!

'n Kragtiger pleitgrond kan God se kinders teenoor die HERE nie aanvoer nie, gemeente. Waaraan kan ons die HERE beter herinner as aan sy eie verkiesing? Want verkiesing — dit is geen noodlot wat bo jou lewe staan nie. Verkiesing beteken nie dat jy uitgelewer is aan God se willekeur omdat elke bladsy van ons lewensboek tog alreeds volgeskrywe is nie. Maar God se verkiesing is in ons lewe die genadige, reddende hand van Vader wat ons vol liefde al vasgevat het toe ons nog nie die minste benul daarvan gehad het nie, en wat ons op die weg na die heerlikheid toe geplaas het. Heeltemal onverdiend.

Hierdie hand moet ons nooit uit die oog verloor nie, broeders en susters. Dit was daar toe die HERE ook u tot sy verbond geroep het, by u geboorte uit gelowige ouers, of toe die roepstem van die evangelie later in u lewe gekom het. Daardie kiesende, reddende hand het in u doop tasbaar geword, toe God belowe het dat Hy ewig u genadige Vader wil wees wat u u sondes nooit meer sal toereken nie en wat ons as sy geliefde kinders en erfgename met alle dinge vir liggaam en siel versorg. In sy vrye keuse het God self die band tussen Hom en u gelê. Daaraan mag ons ons nou vashou as alle sekerhede in hierdie wêreld wegval en die vonk in die kruitvat spring. Ons sing tog gereeld as die doop bedien word: "Die HEER wat van geen wankel weet nie, sal nimmer sy verbond vergeet nie." Hierdie sekerheid mag ons oorhou: die onwankelbaarheid van God se verbond, waaragter die wonder van sy vrye keuse skuilgaan.

As die wrede werklikheid ook ons dan tref, as ook een van ons geliefdes deur misdaad sou sterf of beseer raak, as ons kinders daagliks teen 'n gees van revolusie en normloosheid vasloop, as ook ons en ons kinders eendag dalk moet vlug, of gemartel word vanweë die belydenis van Christus se Naam - sal u dan aan die hand van u God bly dink, wat al aan die begin van u lewe daar was? Die hand wat God uit eie keuse na ons uitgesteek het? Dink u dat God sy kinders wat Hy eers met soveel liefde in die moederskoot geweef het, sommer weer sou loslaat? Dat Hy hulle uit die oog sou verloor?

In sy boek van ons lewe staan daar heelwat bladsye wat vir ons nie gemaklik is nie. U kan almal daarvoor saampraat. En daar kan nog veel moeiliker bladsye volg. Maar ons moet nooit vergeet nie dat dit 'n Váderhand was wat in liefde elke bladsy vantevore vol geskrywe het, en wat nou met bewoëheid elke nuwe bladsy omblaai.

As die ellende dreig om oor u kop te spoel, moet u u altyd daaraan bly herinner. Dan moet u ook u God maar daaraan bly herinner.

2. Dit het Dawid mos ook gedoen. Die erkenning van God se verkiesing vanaf sy eerste lewensbegin het Dawid nie tot 'n gelate berusting in sy lot gebring nie. Hy het nie

maar alle ellende lydsaam oor hom laat kom nie. Hy het hom op 'n hoër gesag beroep! Hy verwag God se verlossing, ons tweede punt.

Daardie verbond, die band wat God self alreeds vanaf die moederskoot kiesend gelê het, daardie verbond word die pleitgrond waarop Dawid om verandering gaan roep. Die wete dat God reeds in die kraamkamer was, dryf Dawid tot sy "waarom?" My God — U kan my tog nie heeltemal verlaat nie? U was tog altyd daar in my lewe. Hoekom is U dan nou so ver weg? "Van die moederskoot af is U my God — so: wees nie ver van my af nie, want die nood is naby en daar is geen helper nie" (v. 12).

Dit kan nie altyd so bly nie, so, dat ek die gevoel het U het Uself van my teruggetrek. Dat U u hande van my afgeneem het. U het nog nooit die ellendige in die bekommernis verag, verfoei nie. Hulle mag mos nie met die band wat daar tog rêrig tussen U en my lê, bly spot nie? U liefde vir my mag tog nie in twyfel getrek word nie? U kan my nie vir goed loslaat nie!

So, gemeente, mag 'n verbondskind by God in hoër beroep gaan en op die verbond pleit, aan die Doop herinner. Ons mag dit vir die HERE sê dat dit nie vir ewig kan bly soos dit vandag met ons gaan nie. Daar is immers ander dinge aan ons belowe!

Herinner die HERE maar aan sy beloftes van werklike wêreldvrede, van die koms van die ryk van sy Seun. Sê dit maar vir u God dat Hy belowe het om alle trane van die oë af te vee en om alles nuut te maak. Wys Hom maar daarop dat daar ooreenkomstig sy beloftes eendag geen dood en geen rou meer sal wees nie en dat die duiwel en al sy bose geeste in die poel van vuur en swawel gewerp sal word.

Ons is dan nie oneerbiedig en brutaal nie, maar dan pleit ons op die verbond wat God Self met ons gesluit het. Daardie verbond leer ons tog om die verlossing te verwag!

So as u wêreld ineen sou stort, as alles u ontnem word, moenie die vertrouwe in die God van u doop verloor nie. Maar bid dan nog vuriger: Laat u koninkryk kom — dit **moet** kom, HERE, want U kan dit nie so los soos dit nou is nie. Ons doop leer ons dit mos anders!

God kan so 'n gebed nie ignoreer nie, broeders en susters. Hy kon dit al nie by Dawid doen nie. Maar Hy kan dit nou heeltemal nie meer doen nie. Want die geroep van Psalm 22: "My God, my God, waarom het U my verlaat?" het nog 'n keer van die aarde na die hemel geklink, en u weet: toe het dit uit die mond van Dawid se Seun wat tegelyk God se Seun was, gekom.

Maar toe Hy dit geroep het, het drie bange ure van werklike godverlatenheid daaraan voorafgegaan. God se hand het Dawid nooit heeltemal losgelaat nie, al het dit ook so gevoel. Maar God het sy hand wel heeltemal van Christus af teruggetrek en Hy is deur God verlaat, so totaal dat Hy drie ure vol ewige toorn moes dra en moes neerdaal tot op die bodem van die hel.

Maar toe Hy dan ook na daardie drie donkere ure sy roep om verandering hemel toe geroep het, het God verandering gebring, nie net vir hierdie een Seun van Hom nie, maar vir al sy kinders. Toe Christus dit uitgeskreu het: "My God, my God, waarom het U my verlaat?", is ons deur God aangeneem om nou ook nimmermeer deur Hom verlaat te word nie. Christus het ons God vir altyd na ons toe teruggeroep. En sedertdien was God nooit meer onvindbaar nie.

Sedertdien klop geen verbondskind meer tevergeefs by God aan nie. Ons verwagtings kan nooit meer smoor in die rou feite nie. Ons kan met die God van ons geboorte altyd verder gaan. Nooit kom die dag waarop ons geen antwoord meer het nie. Nooit kan moeities of mense ons verwagtings uit ons hande slaan nie.

Want wat ook al mag gebeur, wat ons en ons kinders in hierdie wêreld ook al te wagte staan — God trek Hom nooit meer van ons terug nie, maar bring ons met vaste hand dwarsdeur alles heen na die beloofde verlossing toe. Hy sal sy groot verlossingsplan voleindig. Daar sal 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde kom. Daar sal 'n nuwe Jerusalem kom, waarin die tabernakel van God by die mense sal wees. Dan sal Hy by sy volk woon en al hulle tranes van hulle oë afvee. Daar sal geen dood meer wees nie; ook droefheid en geweens en moeite sal daar nie meer wees nie. Hierdie woorde is waaragtig. Hy wat oorwin, sal alles beërwe. Kyk, Ek kom gou, en my loon is by My, om elkeen te vergeld soos sy werk sal wees.

Amen.